

Louis Trichardt tehuis

Rietvallei se Omgee projek vir 2021 was tydens ons 2020 AJV goedgekeur en so verbind ons onself tot die **Louis Trichardt tehuis projek**. Die versoek was dat lede enige klere en warm maak goeters inhandig wat die seniors van die tehuis benodig en / of kan gebruik.

Sedert die Covid-19 pandemie het heelwat van die bejaardes verhuis of by kinders ingetrek, en tans woon ongeveer 32 bejaardes, wat hoofsaaklik van staatspensioen afhanklik is, hier. Die tehuis gaan tans ook erg gebuk weens die pandemie en is baie afhanklik van skenkings.

Ons oorhandiging het op 08 Mei 2021 plaasgevind waartydens ons 'n wvrag goedere afgelewer het, wat ingesluit het Bybels, klere, skoene, komberse en linne, toiletpapier asook 3 pakkies "two minute noodles" vir elke inwoner, om net 'n paar te noem.

Hierdie was seer sekerlik ook weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Wat of wanneer is jy 'n senior?

Dis 'n vraag wat elkeen van ons een of ander tyd al gevra het!

'n Seuntjie is 'n laat lammetjie, 'n baie baie laat lammetjie. Na sy eerste dag op skool kom hy boos vir pa en ma, terug van die skool af. Sy gemoed, blyk dit, is onlekker oor sy ouers vir hom gejoj het oor iets. Op navraag blyk dit dat die juffrou in die klas vir die kinders gevra het hoe oud hul pa's is, en toe hy sê sy pa is 59, lag die kinders vir hom en sê hy jok, 'n mens kan g'n so oud word nie.

Daar was vele mondelinge terugvoer waar lede hul waardering en dank uitgespreek het om te kon meedeel aan hierdie **OMGEE** projek, maar onderstaande boodskap vanaf die tehuis sê reeds baie.

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale 2021 projek betrokke was.

Groete
Tjaart.

Louis Trichardt tehuis



Datum: 10 Mei 2021

Geagte: TJ Klaasen (Tjaart)

Ons Tuis: Louis Trichardt tehuis, lê klem daarop om ons inwoners vir so lank as moontlik selfversorgend en waardig te hou, deur veilige verblyf en gereelde aktiwiteite aan te bied. Sonder die bydraes en ondersteuning van die gemeenskap en hulporganisasies soos u, kan ons nie voldoen aan hierdie mandaat nie.

Ons wil u graag bedank vir die volgehoue ondersteuning van Ons Tuis: Louis Trichardt tehuis en die onlangse donasie/skenking van verskeidenheid klerasie, skoene, linne, Two minute Noodles, en ander. Met jul bydrae is dit vir ons moontlik om kwaliteit-versorging, insluitend emosionele ondersteuning, gebalanseerde etes, Pastorale sorg, aktiwiteitsprogramme en ontspanningsgeriewe aan ons inwoners te verskaf.

Ons deel graag stories oor ons inwoners se doen en late op ons webwerf en in sosiale media, want om ouer te word is die Meesterstuk van Wysheid en een van die moeilikste hoofstukke in die kuns van die lewe. Besoek gerus ons Webwerf en Facebook-blad.

Weereens baie dankie vir u Barmhartigheid. Met ons beste wense en opregte waardering.

Vicky Muller

Louis Trichardt tehuis

127 Dan Road

Danville

012 386 5310

ltbestuur@otmt.org

Louis Trichardt tehuis

Vicky en 2 helpers neem van die skenkings in ontvangs:

